Publication: Beeld Tweede Uitgawe
Title: Terwyl Saskok wal gooi, stroom geld in vir Tatjana, Bianca
Page: 1
Publish Date: 11 August 2021
Author: Marizanne Kok

Terwyl Saskok wal gooi, stroom geld in vir Tatjana, Bianca

Marizanne Kok en **Beeld-redaksie**

Die swemmer Tatjana Schoenmaker en die branderplankryer Bianca Buitendag sal nou wel beloon word vir hul Olimpiese vertoning – uit ander oorde as die regering.

Terwyl die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) gister teruggekrabbel het oor belonings vir medaljewenners, word 'n reuse- nuwe skarefinansieringsprojek, Spansaam, vandag van stapel gestuur.

Barry Hendricks Foto: GALLO IMAGES

Die maatskappye Atterbury en USN skenk saam R500 000 om Spansaam via die Atterbury Trust te begin.

"Die oogmerk is om binne 'n week die teikenbedrag van R1 300 000 te bereik.

"Daar word beoog om uit die fonds R500 000 vir 'n goue medalje en R250 000 per silwermedalje uit te betaal, asook om die afrigters te vergoed. Indien die teikenbedrag oorskry word, bly die surplus in 'n trustrekening om in die toekoms te kan intree waar die regering tekortskiet, hetsy aan die sport-, kultuur- of gemeenskapsfront," sê die trust in 'n verklaring.

Bianca Buitendag Foto: GETTY

Schoenmaker sal vanoggend in die ateljee van *Die Groot Ontbyt* wees wanneer Armond Boshoff, uitvoerende hoof van Atterbury, en Albé Geldenhuys, uitvoerende hoof van USN, die projek van stapel stuur.

Boonop is meer as R100 000 binne 'n uur vir Buitendag en Schoenmaker ingesamel, berig **Linkie Bessinger**.

MatchKit, 'n aanlyn platform waarop sportsterre hul eie handelsnaam bestuur, het 'n skarefonds vir die insameling gestig.

Teen gistermiddag het die fonds reeds meer as R105 000 ingesamel.

Intussen het Barry Hendricks, Saskok-president, gister ontken dat die medaljewenners nié beloon sal word nie.

Hendricks sê in 'n verklaring daar word deurgaans met "ons vennote" onderhandel oor die belonings.

"Daar was nooit 'n punt waar ons gesê het 'n besluit is geneem om ons atlete nie te beloon nie."

Maandag het Hendricks by navraag gesê Saskok het nie die geld om self die belonings uit te betaal nie.

Saskok het in Februarie 'n konsepbegroting aan die parlementêre sportkomitee voorgelê waarin wel begroot is vir bonusse, maar kon nie die geld daarvoor kry nie.

Hendricks sê dit is waarom daar nie vooraf beloftes gemaak is oor belonings nie.

Nathi Mthethwa, minister van sport, kuns en kultuur, het verlede week gesê die Olimpiese span het ver benede verwagting gevaar.

Volgens Hendricks is dit onregverdig van Mthethwa.

"Dit is nie Saskok se werk om atlete te ontwikkel nie, maar om 'n span voor te berei en na multisportbyeenkomste te stuur. Dink jou in Saskok moet ontwikkeling doen in 89 verskillende sportkodes – dis tog waarvoor daar nasionale federasies is.

"Die federasies kry jaar ná jaar minder geld van die regering. Intussen is skolesport in die townships dood en die geriewe daar is iets verskriklik.

"Ons leef in baie moeilike ekonomiese tye, maar steeds word daar van atlete verwag om die wêreld se bestes te wees."

Tatjana Schoenmaker Foto: GETTY

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.